

OORWEGEND SWART... EN ELEGANT

'n Trui wat aandag trek – en getuig van 'n
grasie en 'n tikkie waagmoed

BENODIGHEDE: Patons Perlé DK (50-g-bolle); 450 g swart en 100 g wit; paar brei-naalde van 3 mm en 4 mm.

MATE: om borsmaat van 87 cm te pas.

SPANNING: 21 ste en 27 rye = 10 x 10 cm oor ks met 4-mm-Ne.

AFKORTINGS: r – brei regs; aw – brei awe-regs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); ks – koussteek; rlf – ruffelsteek, r1, aw1; awg – aweregsgewys; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; RK(VK) – regte(verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; grn – gare rondom N; gv – gare vorentoe; ga – gare agter; oorblywende.

Buissteek: vir opstel en afheg van steke:

Opstelry: Stel met kontraskleur die helfte van benodigde ste plus 1 st op.

1e ry: brei met hoofkleurbreigare: r1, *grn, r1; herh van * tot einde.

2e ry: r1, *gv, gl 1 st awg, ga, r1; herh van * tot einde.

3e ry: gl 1 st awg, *ga, r1, gv, gl 1 st awg, herh van * tot einde.

Let wel: wanneer met verskillende kleure gebrei word, draai gare aan agterkant ineen om gate te voorkom.

AGTERPANT: gebruik 3-mm-Ne en wit, stel 86 ste volgens buissteekmetode op en brei 4 rye buissteek; slaan oor na 1/1- rif en brei 1,5 cm rif.

Slaan oor na 4-mm-Ne en ks, vermeer 3 ste in 1e ry en volg diagram tot boompiemotiewe voltooi is (24 rye), vermeer aan weersk soos op diagram gesien kan word.

Brei dan slegs met swart tot begin van mousgate, tot werk 45 cm lank is.

Mousgatvorming: vermin in alt rye aan weersk 3 keer 2 ste, dan 2 keer 1 st.

Wanneer werk 65 cm lank is vanaf beg, moet oorbl 26 ste van elke skouer afgeheg word.

VOORPANT: soos agterpant; maar brei ook die blommotiewe in wat op diagram getoon

word, en volg aanwysings vir syrand-, mousgat- en halsvorming.

MOUE: gebruik 3-mm-Ne en wit; stel 44 ste volgens buissteekmetode op en brei 4 rye buissteek, dan 1,5 cm 1/1- rif.

Slaan oor na 4-mm-Ne en ks, vermeer 4 ste eweredig gespaseer, oor 1e ry en brei ks met ingebreide blomme volgens diagram.

Vermeer ook aan weersk soos op moudia-gram aangedui.

Brei tot werk 45 cm lank is vanaf beg, en begin vermin aan weersk volgens diagram.

Heg af.

AFWERKING: werk 1 skouernaat toe. Met 3-mm-Ne en wit, tel 104 ste uif halsrand op, brei 3 rye 1/1- rif, dan 4 rye buissteek.


Maas ste een vir een tesame om 'n netjiese afwerking te verseker.

Werk tweede skouer- en halsrandnaat aaneen toe.

Werk moukoppe vas en werk sy- en mou-nate toe.

VOORPANT

DIAGRAM VIR SWART TRUI MET WIT BLOMME



SLEUTEL TOT DIAGRAM

1 – swart

2 – wit

DIAGRAM VIR PLASING VAN
MOTIEWE

